# BOEKE

*South African Archival Records, Natal, No. II: Records of the Natal Executive Council, Part I (1846—1848).* Cape Town, 1960.

In *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal No. I* is die notule van die Boere-volksraad van die Natalse Republiek en die eerste jare na die anneksasie in 1843 tot 1845 gepubliseer. In die werk hier onder bespreking word die publikasie van dokumente oor die geskiedenis van Natal, wat in die Natalse Argiefdepot berus, nou voortgesit en bevat dit die notule van die vergaderinge van die Natal Executive Council (7 Januarie 1846 tot 30 November 1848) tesame met ander stukke wat op die notule betrekking het of daarmee in verband staan.

By die deurlees van hierdie notule en bylae kom mens weer eens onder die indruk van die waarde van sulke dokumente-publikasies. Tot nog toe het ons bloedweinig geweet van wat in Natal onmiddellik na 1845 plaasgevind het omdat niemand nog 'n diepgaande studie daarvan gemaak het nie en die dokumente dus nog altyd in die argiefdepot „gebêre" gelê het. Met die publikasie daarvan kom mens nou tot nuwe insigte op grond van die nuwe kennis wat aldus beskikbaar gestel word. Interessante lig word veral gewerp op die Brits-Afrikaanse en Brits-Zulu-verhouding in Natal gedurende daardie tydperk.

Die werk is tegnies baie goed versorg. Die inhoudsopgawe, duidelike voetnote en uitgebreide register tesame met die inleiding maak naslaanwerk besonder maklik. Die Publikasie-afdeling van die kantoor van die Hoofargivaris het met hierdie werk weer 'n gedeelte van die argief binne die studeerkamer van elke belangstellende gebring.

J. S. du Plessis.

*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* Drie-en-twintigste jaargang, deel II. Die Staatsdrukker, 1961.

Hierdie jongste toevoeging tot die *Argief-jaarboek*-reeks bevat drie afsonderlike monografieë. Aan elkeen word hieronder kortliks aandag gegee.

(a) *J. H. Cilliers: Die slag van Spioenkop (24 Jan. 1900).* Hierdie werk van ongeveer sewentig gedrukte bladsye het oorspronklik as verhandeling gedien vir die verkryging van die M.A.-graad aan die Universiteit van Pretoria. Dit is 'n studie van wat van oomblik tot oomblik tydens die

belangrike slag van Spioenkop plaasgevind het. Mnr. Cilliers het daarin geslaag om op grond van uitgebreide bronnegebruik 'n indringende studie te lewer om daarmee ons kennis aangaande hierdie enkele episode in die Tweede Vryheidsoorlog aansienlik aan te vul. Die werk lees vlot, is tegnies goed versorg en is 'n welkom bydrae tot die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis. Vir sulke werke is daar in ons historiografie nog baie plek.

(b) *A. H. Duminy: The role of Sir Andries Stockenström in Cape Politics (1848—1856).* Ook hierdie werk het as M.A.-verhandeling gedien aan die Rhodes Universiteit en is saamgestel onder leiding van prof. W. A. Maxwell. Sir Andries Stockenström is 'n bekende Afrikaner van die Kaapkolonie uit die vorige eeu en is in die geskiedenis van die Kaapkolonie 'n belangrike persoonlikheid. As een van die vroegste Afrikaner-deelnemers aan die politieke lewe in die Kaapkolonie het hy idees gehuldig wat nie altyd met dié van sy volksgenote ooreengestem het nie, met die gevolg dat hy dikwels 'n voorwerp van hoon onder hulle geword het. Duminy het van hierdie deelname van Stockenström aan die Kaapse politieke lewe 'n deeglike studie gemaak en 'n heldere weergawe daarvan gegee. Hierdie goed saamgestelde werk, gebaseer op 'n besonder uitgebreide bronnestudie, is 'n belangrike bydrae tot ons geskiedskrywing van die tye en toestande in die Kaapkolonie teen die helfte van die 19e eeu. Dit verryk nie net ons kennis van daardie tydperk nie maar ook van die loopbaan en lewe van Stockenström self.

(c) *Marcus Arkin: John Company at the Cape.* Arkin is lektor in Ekonomiese geskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad. Met hierdie monografie bied hy 'n geskiedenis van die rol wat die Engels Oos-Indiese Kompanjie aan die Kaap gespeel het tydens die eerste Britse besetting asook tydens die tweede besetting tot 1815. Die werk is gebaseer op 'n studie van veral die „Cape of Good Hope Factory Records" en ander dokumente. Arkin het 'n werk van hoogstaande gehalte gelewer. Dit is ook 'n besliste aanvulling van ons kennis van die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika, aangesien met hierdie werk heeltemal nuwe kennis tot die reeds bestaande toegevoeg is.

Ten slotte kan die Redaksie van die Argiefjaarboeke geluk gewens word met hierdie publikasie, en oor die algemeen met die hoë peil wat in hierdie reeks gehandhaaf word.

J. S. du Plessis.